



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die uitstappie deur Anna Emm

Richard se klas gaan vandag op 'n uitstappie. Hulle juffrou gaan saam met hulle in die veld stap tot by die dam. Richard is baie opgewonde. Maar Richard is 'n stout seuntjie.

"Moenie die blommetjies pluk nie," sê Richard se juffrou vir die kinders. Maar Richard wag tot sy juffrou nie kyk nie, en toe pluk hy sommer 'n handvol veldblommetjies en druk dit in sy sak!

"Julle moet almal mooi netjies in 'n ry loop," sê Richard se juffrou. Maar Richard glip uit die ry uit en gaan loop dáár anderkant op sy eie tussen die riete. Niemand sien hom nie. 'n Groot, wit skoelapper kom sit op Richard se hoed se rant en sê: "Jy moenie alleen hier tussen die riete speel nie. Sê nou maar net jy verdwaal!"

Richard is sommer vies vir die skoelapper, en voor die skoelapper kan wegvlieg, gryp Richard dit en druk dit in 'n leë sakkie wat hy in sy hemp se sak gehad het! So 'n stout seuntjie!

"Wag tot die ander kinders my mooi skoelapper sien!" sê hy, en kyk rond om te sien waar die ander kinders is. Hy sien niemand nie. Dis stil in die veld en hy is heeltemal alleen! Die juffrou en die kinders het netjies in 'n ryttjie aangestap tot by die dam, en nou weet hy nie watter kant toe om te gaan nie! Richard hardloop díe kant toe en dáárdie kant toe. Hy roep, maar niemand antwoord nie.

Richard gaan sit op 'n plat klip en voel sommer lus om te huil. Hoekom het hy nie na sy juffrou geluister nie? Hoekom was hy so stout? Sê nou maar niemand kry hom ooit weer nie?

'n Groot, wit skoelapper kom sit op Richard se hoed. "Wat makeer?" vra die skoelapper.

Verbaas rek Richard se ogies. Hoe het die skoelapper uit die sakkie gekom? Maar voor hy hom kan vra, is daar nog 'n skoelapper, en nóg een! Nou is die hele veld sommer vol skoelappers, en Richard weet dis nie sý skoelapper hierdie nie, maar 'n ander ene.

"Kan ons jou help?" vra die skoelapper op sy hoed vriendelik. Nou voel Richard baie skaam. Saggies maak hy die sakkie oop sodat die eerste skoelapper kan uitvlieg. "Ek is jammer ek was 'n stout seuntjie," sê hy. "Ek is jammer ek het jou gevang en in die sakkie gesit. Ek moes na jou geluister het, en nou is ek verdwaal."

Die skoelappers kyk na mekaar, en dan lag hulle saggies. Hulle fladder hulle vlerke, kielie Richard se nek, en stoot hom vorentoe, vorentoe... Die skoelappers wys vir Richard waar om te loop, en raai bietjie? 'n Entjie verder sien hy die dam! Daar is die juffrou een die kinders! Hy draai om om vir die skoelappers dankie te sê, maar skielik is hulle nie meer daar nie en Richard wonder of hy hulle net verbeel het. Maar hy het nooit ooit weer enige skoelapper gevang nie. En hy was nie meer stout op uitstappies nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die uitstappie illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za